The miracles of science™

LANNATE® 900 SP

Reg. No. L2011 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L2011 Wet No. 36 van 1947

A water soluble short residual contact insecticide for the control of various insects on crops as listed.

'n Wateroplosbare kontakinsekdoder met `n kort nablywende werking vir die beheer van verskeie insekte op gewasse soos aangedui.

ACTIVE INGREDIENT
Methomyl (carbamate) 900 g / kg

AKTIEWE BESTANDDEEL
Metomil (karbamaat)

Nett Mass **10 x 100 g** **Netto Massa**

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:
DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA (PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P O BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE 1685
Tel: (011) 218 8600

24 HOUR/UUR EMERGENCY NUMBER/ NOODNOMMER: 083 123 3911

UN No. / VN Nr. 2757

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG

Copyright © 2005 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and LANNATE® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

LANNATE® 900 SP

Reg. Nr. L2011 Wet Nr. 36 van 1947

‘n Wateroplosbare kontakinsek-doder met `n kort nablywende werking vir die beheer van verskeie insekte op gewasse soos aangedui.

WAARSKUWINGS

LAAT DIE VOLGENDE PERIODES VERLOOP TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES OF WEIDING (VOER):

Aartappels & groenbone	:	3 Dae
Blomkool, brokkoli, spruitkool & kopkool	:	4 Dae
Graansorghum, koring, lupiene, lusern, mielies & weiding	:	7 Dae
Perskes	:	16 Dae
Sitrus	:	120 Dae
Sonneblom	:	28 Dae
Tabak (oonddroog)	:	7 Dae
Tabak (lugdroog)	:	14 Dae
Tamaties	:	2 Dae

Moenie **LANNATE®** in kombinasie met G-49 benatter op tabaksaadbeddings of op sitrus gebruik nie.
MOENIE SITRUS BESPUIT NA MIDDEL DESEMBER NIE.
Hanteer uiters versigtig.
SKADELIK OF NOODLOTTIG INDIEN INGESLUK, INGEASEM OF DEUR VELKONTAK.
Word deur die vel en oë opgeneem.
GIFTIG VIR VISSE EN WILD.
Berg agter slot en grendel in `n koel, droë plek, buiter bereik van kinders en diere en weg van voedsel en voer in ooreenstemming met die Wet op Gevaarhoudende stowwe, (Wet Nr. 15 van 1973).
NIE VIR GEBRUIK IN HUISTUINE.
ONTBIED `N GENEESHEER ONMIDDELLIK IN GEVAL VAN VERGIFTIGING en stel hierdie etiket aan hom beskikbaar.
Hou die houer dig toe.
LUGTOEDIENING - stel alle persone in die onmiddellik omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die sproeinewel daarheen oorwaai nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ‘n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir ‘n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Moenie die stofdampe of sproeinewel inasem nie. Dra beskermende klere (gasmasker, rubberstewels, oorpak en rubberhandskoene) wanneer die produk hanteer word. Was die hele liggaam na werk, met seep en water.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening, of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.
Was besoedelde klere en beskermende toerusting in `n sterk wassoda-oplossing, en spoel daarna deeglik uit voor hergebruik.
Verhoed wegdrywing van sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en ander gebiede wat nie behandel word nie.
Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.

WEGDOEN VAN LEË HOUERS

Houers en verpakkings moet heeltemaal leeggemaak word voordat hulle vernietig word.
Skud die houer deeglik uit in die mengbak of spuittenk voordat leë houer vernietig word.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Swakheid, hoofpyn, oormatige sweetafskeiding, mislikheid, vermoeidheid, maagkrampe, benoudheid in bors, speldepunt oogkykers, spiertrekkings, braking, maagwerking, bewusteloosheid en belemmerde gesigsvermoë.

TEENMIDDEL

Atropiensulfaat.

NOODHULPBEHANDELING

VERKRY ALTYD ONMIDDELLIK BEHANDELING VAN `N GENEESHEER.
Verwyder die persoon van die oorsaak van vergiftiging, (na `n koel en goed geventileerde omgewing) stel hom gerus en hou hom stil. In die geval van toevallige kontak, verwyder besoedelde klere en spoel besmette liggaamsdele met baie seep en koue water af. Moenie die vel hard vrywe nie. Besmette oë moet vir 15 minute met skoon water uitgespoel word. Indien per mond ingeneem, veroorsaak braking deur die agterste gedeelte van die keel te prikkel met u vinger. Herhaal totdat braaksel helder is en nie langer na gif ruik nie. Pas kunsmatige asemhaling of geslote hartmassering onmiddellik toe sodra pasiënt ophou om asem te haal. Moenie direkte mond tot mond asemhaling toepas nie. Moet nooit iets per mond aan `n bewustelose persoon toedien nie. `n Geneesheer moet onmiddellik ontbied word of die pasiënt moet onmiddellik na die naaste hospitaal of geneesheer vervoer word, afhangende wat die vinnigste is. STEL DIE ETIKET BESKIKBAAR AAN DIE GENEESHEER.

INLIGTING AAN GENEESHEER

In die geval van volwassenes moet Atropiensulfaat 2-4 mg, binne-aars, toegedien word. Herhaal elke 10 to 30 minute totdat pasiënt ten volle ge-atropiniseerd is (droë, gloeiende vel en tachycardea). Pralidoxime (2 PAM, Protopam) en ander oksieme het die teenoorgestelde uitwerking en moet nie gebruik word nie. In gevalle van blootstelling aan sowel LANNATE as `n organiese fosfaat insektemiddel mag 2 PAM gebruik word soos benodig om die voorgeskrewe atropiensulfaat behandeling aan te vul.

GEBRUIKSAANWYSINGS **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

Sien “WAARSKUWINGS” aangaande tydsduur wat moet verloop tussen laaste behandeling en oes.

VERENIGBAARHEID

LANNATE® is verenigbaar met meeste swamdoders en insektemiddels wat normaalweg gebruik word. DIT IS NIE VERENIGBAAR MET ALKALIESE STOWWE NIE. Moenie in kombinasie met G49 benatter op tabaksaadbeddings of sitrus gebruik nie.

VERMENGINGSINSTRUKSIES

Vul die spuittenk ¼ tot ½ met water. Roer en voeg die verlangde hoeveelheid LANNATE wateroplosbare sakkies by, deur die koevert waarin hierdie sakkie verpak is oop te maak en die inhoud daarvan in die spuittenk te gooi. Moenie die wateroplosbare sakkie aanraak nie. Vul die spuittenk verder met water en hou aan met roer (gebruik meganiese of hidroliese roerders) vir `n paar minute voordat gespuit word om die sakkie en die inhoud daarvan, volledig op te los.

LUGTOEDIENING

MOENIE LUGBESPUITING BEGIN VOORDAT U U LANNATE VERTEENWOORDIGER GESPREEK HET NIE.

LANNATE® kan d.m.v. lugbespuiting toegedien word, mits die spuitstof egalig oor die teikengebied versprei word en die verlies aan spuitmiddel tot `n minimum beperk word. Ten einde hieraan te voldoen moet die volgende vereistes nagekom word:
Gebruik `n konvensionele spuitbalk wat met holkeël - of platwaaierspuitpunte toegerus is. Dien `n minimum van 30 liter spuitmengesel / hektaar toe en verseker dat 30-35 druppels per vk. cm op die teikengebied herwin word. Die KV vir druppelverspreiding moet nie 50 % oorskry nie.

Die volgende vlieghoogtes bo die teikengebied moet gehandhaaf word: Teen windsnelhede van 0-8 km/h - 3 m; teen 8 tot 15 km/h - 2 m; teen meer as 15 km/h - staak bespuiting. Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met `n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8 °C oorskry nie. Moenie tydens die hitte van die dag spuit nie. Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word. Verkry `n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word

GEWAS	PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS	Aartappelmot en Amerikaanse bolwurm	Lugtoediening: 300-500 g/ha Grondtoedieining: 50 g/100 ℓ water	Dien toe in 30 ℓ water/ha (sien volledige instruksies hierbo). Gebruik die hoër dosis as die intervalle tussen bespuitings langer as een week is. Vir aartappelmot, dien toe sodra plante een maand oud is en herhaal weekliks gedurende die groeiseisoen. Aartappels moet minstens twee keer gedurende die groeiseisoen opgeërd word. Een toediening is normaalweg voldoende om Amerikaanse bolwurm te beheer, maar herhaal indien nodig. Vir grondtoediening Dien deeglik toe om goeie bedekking te verseker. Dien tot 1000 ℓ spuitmengsel/ha toe.
BOONTJIES	Amerikaanse bolwurm	Lugtoediening: 250 g/ha Grondtoediening: 50 g/100 ℓ water	Dien toe in 30 ℓ water/ha sodra die wurms opgemerk word (sien volledige instruksies hierbo). Herhaal indien nodig. Vir grondtoediening dien deeglik toe om goeie bedekking te verseker. Dien tot 500 ℓ spuitmengsel/ha toe.

GRAANSORGHUM KORING, LUPIENE, LUSERN	Amerikaanse bolwurm	Lugtoedieining: 200 g/ha	Dien toe in 30 ℓ water / ha sodra die wurms opgemerk word (sien volledige instruksies hierbo). Herhaal indien nodig.
		Grondtoediening: 200 g/ha	Lae volume: Dien toe in 100-200 ℓwater.
		50 g/100 ℓ water	Hoë volume: Dien tot 400 ℓ puitmengsel/ha toe.
KOOLGEWASSE (Brokkoli, spruitkool, blomkool & kopkool).	Amerikaanse bolwurm	Lugtoediening: 250 g/ha	Dien toe in 30 ℓ water/ha sodra die wurms opgemerk word (sien volledige instruksies hierbo). Herhaal indien nodig.
		Grondtoediening: 250 g/ha	Dien toe in genoeg water om goeie bedekking te verseker.
	Grootkoolmot, Ruitrugmotlarwes en Plantluise	50 g/100 ℓ water	Begin toediening wanneer jong wurms op die blare opgemerk word. Gebruik tot 500 ℓ spuitmengsel/ha. Gedurende warm weer of hoë besmettings, herhaal elke 3-5 dae. Spuit plante goed nat.
MIELIES	Amerikaanse bolwurm		**LANNATE®** SAL NIE WURMS WAT REEDS DIE KOP BINNEGEDRING HET, DOOD NIE.
		Lugtoediening: 200 g/ha	Dien toe in 30 ℓ water/ha sodra wurms op die baard opgemerk word (sien volledige instruksies hierbo).
		Grondtoediening: 200 g/ha	Lae Volume: Dien toe in 100-200 ℓ water/ha.
		50 g/100 ℓ water	Hoë volume: Dien tot 400 ℓ spuitmengsel/ha toe.

PERSKES	Valskodlingmot	50 g/100 ℓ water	Vroëe variëteite: Dien twee bespuitings toe en dra sorg dat die bome deeglik benat word. Begin 4 weke voor oes en herhaal na 10 dae. Laat varëteite: Dien 3 bespuitings toe en dra sorg dat die bome goed benat word. Begin 6 weke voor oes en herhaal met 10 dae tussenpose. DIEN OOK DIE GEREGISTREERDE BEHANDELINGS TEEN VRUGTEVLIEG TOE (OP SOWEL VROEË AS LAAT VARIËTEITE).
SITRUS	Amerikaanse bolwurm & Plantluise	Grondtoediening: 20 g/100 ℓ water Lugtoediening: 250 g/ha	Dien toe as `n ligte dekbespuiting sodra besmetting opgemerk word. Herhaal indien nodig. Dien toe in 50 ℓ water/ha sodra plantluise en wurms opgemerk word (sien volledige instruksies hierbo). Herhaal indien nodig. **MOENIE BESPUIT NA MIDDEL DESEMBER NIE**
	Lemoenvlinder larwes	25 g/100 ℓ water	Dien toe as ligte dekbespuiting sodra larwes opgemerk word. **MOENIE BESPUIT NA MIDDEL DESEMBER NIE**
SONNEBLOM	Amerikaanse bolwurm	Lugtoediening: 100 g **LANNATE®** + 100 mℓ SUMICIDIN (Reg. Nr. L1663 Wet Nr. 36 van 1947) per ha.	Dien toe in ten minste 30 ℓ water/ha sodra eiers of larwes op plante opgemerk word (± 6 weke na plant). Sien volledige instruksies hierbo. Hierdie middels is slegs effektief teen larwes op die blare en aan die buitekant van die kop. **LANNATE®** SAL NIE WURMS WAT REEDS DIE KOP BINNEGEDRING HET, DOOD NIE. **LANNATE®** EN "SUMICIDIN" IS GIFTIG VIR BYE EN MOET DUS NIE IN DIE VOLBLOM STADIUM GESPUIT WORD NIE.

TABAK	Amerikaanse bolwurm, Groenstinkbesie (Pentatomidae) en Tabakslak	<u>Lugtoediening:</u> 250 g/ha	Dien toe in 30 ℓ water/ha sodra besmetting opgemerk word en herhaal indien nodig (sien volledige instruksies hierbo).
		<u>Grondtoediening:</u> 50 g/100 ℓ water	Dien toe sodra besmetting opgemerk word. Dien tot 500 ℓ spuitmengsel/ha toe.
	Blaarmyner	<u>Grondtoediening:</u> 50 g/100 ℓ water	Dien toe sodra besmetting opgemerk word. Spuit plante deeglik nat met weeklikse tussenpose. Dien tot 500 ℓ spuitmengsel/ha toe.
TAMATIES	Amerikaanse bolwurm, Blaarmyner, Blaaspootjies, Landmeterwurm en Plantluise	50 g/100 ℓ water	Dien toe as `n volledige dekbespuiting sodra vrugte begin set of vroeër indien nodig en herhaal met 7-10 dae tussenpose gedurende die groeiseisoen.
WEIDINGS & ANDER GEWASSE	Kommandowurm	<u>Grondtoediening:</u> 50 g/ha	Dien toe in 400 ℓ water/ha sodra besmetting opgemerk word.

SUMICIDIN (Reg Nr. L1663 Wet Nr. 36 van 1947) is die geregistreerde handelsmerk van Sumitomo Chemical Company, Japan.